# Hillcrest High School

Graad 10

# AFRIKAANS EAT VRAESTEL 3

## OKTOBER/NOVEMBER 2024

**PUNTE:** 100

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. A. Wessels

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy ŉ streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 70 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 20 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Skryf ‘n opstel van 210 – 250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in vraag 1.1 tot 1.5.
- Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan. By vraagnommer 1.6.1; 1.6.2 of 1.6.3 moet jy jou **EIE TITEL** gee. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.1 Dit was die grootste fout van my lewe. (50)

1.2 Suid-Afrika, my land. (50)

1.3 Die vreugde om ander te help. (50)

1.4 ‘n Tatoeërmerk – ja of nee? (50)

1.5 Selfone is taboe in die klaskamer. (50)

1.6.1



(50)

1.6.2



(50)

1.6.3



(50)

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONEEL**

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan.

2.1 **RESENSIE**

Jy het onlangs 'n baie goeie boek gelees.

Skryf 'n **RESENSIE** oor die boek. (30)

2.2 **TOESPRAAK**

Dit is binnekort opedag by die skool. Jou graadhoof het jou gevra om die graad sewes toe te spreek en hulle te vertel van ons skool.

Skryf die **TOESPRAAK** neer. (30)

2.3 **HULDEBLYK**

Jou ouma is onlangs oorlede. Die familie het jou gevra om 'n **HULDEBLYK** by die roudiens te lewer.

Skryf die **HULDEBLYK** neer. (30)

2.4 **INFORMELE BRIEF**

Jou ouma het in Amerika by jou oom gaan kuier. Daar is iets wat jy baie graag wil hê en dit is net in Amerika beskikbaar.

Skryf 'n **INFORMELE BRIEF** aan jou ouma waarin jy vir haar vra of sy dit asseblief vir jou sal koop. (30)

**TOTAAL AFDELING B: [30]**

**AFDELING C:KORT TRANSAKSIONEEL**

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf **80-100** woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die onderwerp wat jy kies, boaan.

3.1 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy is Lisan en jy en Geeske beplan om uit te glip om na die karnavalnagklub toe te gaan.

Jy moet TWEE dagboekinskrywings maak. Die eerste een is die dag VOOR julle uitglip. Beskryf hoe jy daaroor voel.

Die tweede een is NADAT julle uitgevang is. Wat was die uiteinde van julle aand van avontuur?

Skryf die **TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS** neer. (20)

3.2 **KORT TEKS BOODSKAP**

Skryf ‘n **KORT TEKS BOODSKAP** aan Isabel en vertel vir haar van jou ervaring nadat jy alleen by die huis gekom het van die werk af. (20)

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou jonger boetie/sussie se maatjie het kom kuier. Hulle wil springmielies maak. Hulle kom vra vir jou om hulle te help.

Skryf **8 INSTRUKSIES** neer oor hoe om springmielies te maak. (20)

**TOTAAL AFDELING C: [20]**
**GROOTTOTAAL: 100**